**Dit is weer tyd vir Loslitdag!**

**Hillary Lane***

Die Nasionale Raad vir Mense met Gestremdhede (NCPD) het 22 jaar gelede met ’n interessante en nogal briljante idee vorendag gekom om broodnodige geld in te samel om sy belangrike werk te doen. Die Raad het die jaarlikse Loslitdag bekendgestel en Suid-Afrikaners genooi om hulle te ondersteun deur kaartjies te koop – met ’n gedeelte van die geld wat na die NCPD gaan en die ander gedeelte na die organisasie wat die kaartjies verkoop. Mense moes hulle dan uitvat en gaan werk in ’n uitrusting wat die jaarlikse tema uitbeeld.

Met die jare het hierdie amptelik-erkende geleentheid, wat elke jaar op die eerste Vrydag in September gevier word, miljoene rande ingesamel om die NCPD te help om uiters noodsaaklike ondersteuning te bied aan mense met gestremdhede (MMG’s) wat steeds ’n kwesbare deel van die samelewing is. Volgens die NCPD het Loslitdag Suid-Afrika se grootste geldinsamelings- en bewustheidsveldtog vir MMG’s geword.

So waarom kan ons dan nou, in 2021, mense die ruimte in stuur, maar ons het nog steeds geld nodig om nieregeringsorganisasies (NRO’s) te help om MMG’s by te staan?

Daar is die afgelope paar jaar heelwat gedoen om MMG’s se lewens te verbeter. Kinders met gestremdhede word nou byvoorbeeld in hoofstroomskole geïntegreer en daar is minder “spesiale” skole. Werksgeleenthede en die werksplek word meer toeganklik en al hoe meer MMG’s kan nou deel word van verskillende sfere van die samelewing. Hoewel dit regtig prysenswaardig is, moet nog baie gedoen word, veral in die huidige pandemie terwyl die wêreld homself moet regruk en geld wat gewoonlik vir hulp aan hierdie mense aangewend sou word, nou elders bestee word.

Dit is interessant dat Loslitdag se tema vanjaar “Moed en Goedgunstigheid” is. Ek sien hierdie twee woorde soos volg: As iemand met ’n gestremdheid – ek is serebraal gestremd wat my spraak, balans en handbeheer aantas – moes ek my hele lewe lank nog baie “moed” aan die dag lê. Ek moes moedig wees omdat die samelewing, volgens my, nie vriendelik was teenoor MMG’s nie. Die geskiedenis getuig daarvan. Ons het gesien hoe pap babas met gebrekke net eenvoudig aan hul eie lot oorgelaat is om te sterf en hoe kinders met gestremdhede in agterkamers toegesluit is om nie hul gesinne in die verleentheid te stel nie. Sommige MMG’s is ook hul hele lewe lank in inrigtings opgesluit omdat die samelewing nie oor die nodige middele, geduld en goedhartigheid beskik het om hulle te verstaan, of ten minste te probeer verstaan nie. Ek glo vas dat wanneer ons die moed het om om MMG’s te verstaan, goedgunstigheid sal volg.

So, toon dus asb moed en goedgunstigheid ter viering van vanjaar se Loslitdag deur ’n plakker te koop as ’n teken van jou ondersteuning – nie net vir MMG’s nie, maar ook vir die NCPD wat ’n gedeelte van die verkope sal ontvang om hul broodnodige omgee-werk in ’n gedeelte van die samelewing te kan voortsit wat steeds ’n reusebehoefte aan ons ondersteuning het.

***Klik **hier** om meer te lees oor wat ***Hillary Lane, koördineerder van die*** **African Network for Evidence-to-Action in Disability** ***(AfriNEAD) in die Sentrum vir Gestremdheids- en Rehabilitasiestudies aan die Universiteit Stellenbosch,*** oor die kwessie te sê het.